# AFKORTINGS

## A

**aanm.** aanmerking.
**aanw.** aanwysend.
**A.A.U.B.** Antwoord as u blief
**ab init.** ab initio. (van vooraf aan)
**a.b.** aan boord.
**A.B.M.** Aktiewe Burgermag.
**A.C.V.V.** Afrikaanse Christelike Vrouevereniging.
**A.D.** Anno Domini (na Christus).
**a.d.** ante diem (na datum).
**adj.** adjektief.
**ad fin.** ad finem (tot die end toe).
**ad inf.** ad infinitum (tot in die oneindige).
**adjt.** adjudant.
**ad lib.** ad libitum. (sonder perk of peil; na goeddunke).
**admin.** administrasie; administrateur.
**adml.** admiraal.
**adv.** adverbium; advokaat.
**ad val.** ad valorem. (volgens waarde).
**advt.** advertensie.
**advv.** advokate.
**afd.** afdeling.
**afk.** afkorting.
**afl.** afleiding; aflewering.
**Afr.** Afrikaans.
**A.G.** adjudant-generaal.
**agb.** agbare.
**Akad.** Akademie.
**akk.** akkusatief.
**al.** alinea (paragraaf; onderdeel).
**ald.** aldaar.
**alg.** algebra; algemeen.
**Am.** Amerika; Amerikaans.
**amp.** ampère.
**antw.** antwoord.
**antw. bet.** antwoord betaal.
**appl.** applikant; applous.
**Apr.** April.
**A.R.** Adviserende Raad.
**Arab.** Arabies.
**Arm.** Armeens.
**art.** artikel; artillerie.
**artt.** artikels.
**As.** Angel-Saksies.
**a.s.** aanstaande.
**A.S.B.** Afrikaanse Studentebond.
**asb.** asseblief.
**ass.** assuransie.
**asst.** assistent.
**asste.** assistente.
**astr.** astronomie; astronomies.
**A.T.G.** Afrikaanse Taalgenootskap.
**A.T.K.V.** Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
**atm.** atmosfeer; atmosferies.
**A.T.V.** Afrikaanse Taal vereniging.
**a.u.b.** As u blief.
**Aug.** Augustus.

## B

**B.A.** Baccalaureus Artium.
**bb.** *of* **brs.** broeders.
**B.B.B.G.** Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

| | |
|---|---|
| **B.Com.** | Baccalaureus Commercii. (Handel) |
| **B.D.** | Baccalaureus Divinitatis, (Godgeleerdheid). |
| **bedr.** | bedrag; bedryf. |
| **bep.** | bepaald; bepaling. |
| **bes.** | besending; besitlik; besonder. |
| **bes. vnw.** | besitlike voornaamwoord. |
| **bet.** | betaal; beteken; betekenis. |
| **betr.** | betreklik. |
| **bl.** | bladsy. |
| **B.M.** | Baccalaureus Medicinae (Medisyne). |
| **B.Mus.** | Baccalaureus Musicae. (Musiek). |
| **b.nw.** | byvoeglike naamwoord. |
| **B.O.** | bevelvoerende offisier. |
| **b.o.** | blaai om. |
| **B.O.A.** | Brits Oos-Afrika. |
| **boekh.** | boekhandel; boekhou. |
| **bot.** | botanie; botanies. |
| **Br.** | Brits. |
| **br.** | broeder. |
| **brs.** *of* **bb.** | broeders. |
| **B.Sc.** | Baccalaureus Scientiae (Wetenskap). |
| **bv.** | byvoorbeeld. |
| **b.v.p.** | been voor paaltjies. |
| **B.V.Sc.** | Baccalaureus Veterinariae Scientiae (Veeartseny). |
| **bw.** | bywoord; bywoordelik. |
| **byl.** | bylae. |
| **byv.** | byvoeglik. |

## C

| | |
|---|---|
| **C.** | Celsius. |
| **ca.** | circa. (ongeveer). |
| **cet. par.** | ceteris paribus (met alle ander dinge gelyk). |
| **cf.** | confer(atur). (vergelyk). |
| **cg.** | centigram. |
| **Ch.B.** | Chirurgiae Baccalaureus. |
| **Ch.M.** | Chirurgiae Magister |
| **C.J.V.** | Christelike Jongeliedevereniging. |
| **cl.** | centiliter. |
| **cm.** | centimeter. |
| **cos.** | cosinus. |
| **cot.** | cotangens. |
| **c.s.** | cum suis. |
| **C.S.V.** | Christelike Strewersvereniging, Christen-Studentevereniging. |
| **ct.** | sent. |
| **cwt.** | sentenaar. |

## D

| | |
|---|---|
| **d.** | denarius (pennie). |
| **dat.** | datief; datum. |
| **D.D.** | Doctor Divinitatis. (Doktor in die Godgeleerdheid). |
| **def.** | definisie. |
| **dep.** | dépôt. |
| **dept.** | departement. |
| **Des.** | Desember. |
| **Dg.** | dekagram. |
| **dg.** | decigram. |
| **dgl.** | dergelike. |
| **Di.** | Dinsdag. |
| **di.** | domini (dominees). |
| **d.i.** | dit is. |
| **dial.** | dialek; dialekties. |
| **dim.** | diminuendo; diminutief. |
| **disk.** | diskonto. |
| **dist.** | distrik. |

| | |
|---|---|
| **Dl.** | dekaliter. |
| **dl.** | deciliter; deel. |
| **D.Litt.** | Doctor Litterarum. (Letterkunde). |
| **D.Med.Vet.** | Doctor Medicinae Veterinariae. |
| **dnr.** | dienaar. |
| **dnrr.** | dienaars; dienare. |
| **D.O.** | Direkteur van Onderwys. |
| **Do.** | Donderdag. |
| **do.** | dito. |
| **dos.** | dosyn. |
| **D.O.W.** | Departement van Openbare Werke. |
| **D.Ph(il).** | Doctor Philosophiae. |
| **dr.** | debiteur; dokter; doktor. |
| **Dr.Med.** | Doctor Medicinae. |
| **drr.** | dokters; doktore. |
| **Dr.Theol.** | Doctor Theologiae. |
| **ds.** | dominus (dominee). |
| **D.Sc.** | Doctor Scientiae. |
| **d.t.** | delirium tremens. |
| **D.V.** | Deo Volente (as God wil). |
| **dw. (dnr.)** | dienswillige (dienaar). |
| **d.w.s.** | dit wil sê. |

## E

| | |
|---|---|
| **e.a.** | en ander. |
| **Ed.** | Edele. |
| **ed.** | edisie. |
| **e.d.** | en dergelike. |
| **E.d.Agb.** | EdelAgbare. |
| **Ed.Gestr.** | EdelGestrenge. |
| **e.d.m.** | en dergelike (dies) meer. |
| **eerw.** | eerwaarde. |
| **eerww.** | eerwaardes. |
| **eg.** | eersgenoemde. |
| **E.K.** | eerste kwartier. |
| **e.k.** | eerskomende. |
| **Eks.** | Eksellensie. |
| **eks.** | eksemplaar. |
| **ekv.** | enkelvoud. |
| **em.** | emeritus. |
| **Eng.** | Engeland; Engels. |
| **ens.** | ensovoort(s). |
| **esk.** | eskader; eskadril; eskadron. |
| **e.s.m.** | en so meer. |
| **et seq.** | et sequentes. (en wat nog volg). |
| **Ev.** | Evangelie. |
| **ev.** | eersvolgende; eventueel. |
| **e.v.** | en volgende. |
| **ex off.** | ex officio. (ampshalwe). |

## F

| | |
|---|---|
| **F.** | Fahrenheit. |
| **F.A.K.** | Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge. |
| **fakt.** | faktuur. |
| **Febr.** | Februarie. |
| **fig.** | figuur; figuurlik. |
| **fl.** | floryn (gulde). |
| **fol.** | folio. |
| **Fr.** | Frankryk; Frans. |
| **fr.** | frank. |
| **Fri.** | Fries. |
| **Frk.** | Frankies. |
| **fut.** | futurum. |

## G

| | |
|---|---|
| **gall.** | gallon. |
| **geb.** | gebore; geboul. |
| **gebrs.** | gebroeders. |
| **ged.** | gedateer; gedeelte. |
| **geïll.** | geïllustreer. |
| **gell.** | gelling. |
| **gen.** | genitief. |
| **genl.** | generaal. |
| **genl.-maj.** | generaal-majoor. |
| **Ger(ef).** | Gereformeerd. |
| **Germ.** | Germaans. |
| **Ges.** | Gesang. |
| **Get.** | geteken; getuie. |
| **G.G.** | goewerneur-generaal. |

**G.G.D.** grootste gemene deler.
**ghn.** ghienie.
**G.K.** Gekose Komitee; Goewerments-kennisgewing.
**goewt.** goewerment.
**Got.** Goties.
**G.R.** Geoktrooieerde Rekenmeester.
**Gr.** Grieks.
**G.S.** Generale Staf.

## H

**Hd.** Hoogduits.
**H. d. L.** Heil die Leser.
**Hebr.** Hebreeus.
**H.Ed.** HoogEdele.
**H.Ed.Gestr.** HoogEdel-Gestrenge.
**H.Eerw.** HoogEerwaarde.
**H.Eks.** Haar Eksellensie.
**Herv.** Hervormd.
**hfst.** hoofstuk.
**Hg.** hektogram.
**H.Gel.** HoogGeleerde.
**H.G.S.** Hoof van die Generale Staf.
**H.H.** Haar Hoogheid.
**hh.** here.
**HH.EE.** Hul Eksellensies.
**HH.MM.** Hul Majesteite.
**H.J.S.** Hoër Jongenskool.
**H.K.** hoofkwartier.
**H.K.H.** Haar Koninklike Hoogheid.
**H.K.M.** Haar Koninklike Majesteit.
**Hl.** hektoliter.
**H.M.** Haar Majesteit.
**Hm.** hektometer.
**H.M.S.** Hoër Meisieskool.
**H.O.D.** Hoër Onderwysdiploma.
**Holl.** Hollands.
**Hott.** Hottentot; Hottentots.
**H.S.** Heilige Skrif.
**hs.** handskrif.
**hss.** handskrifte.
**H.U.K.** Hugenote-Universiteitskollege.
**hulpww.** hulpwerkwoord.
**h/v.** hoek van.

## I

**ib(id).** ibidem. (dieselfde plek).
**id.** idem. (dieselfde).
**Idg.** Indo-Germaans.
**I.D.(S.M.)** In Diens (van Sy Majesteit).
**i.e.** id est. (dit is).
**i.e.w.** in een woord.
**I.K.** intelligensie-kwosiënt.
**imp.** imperatief.
**impf.** imperfectum.
**ind.** indikatief.
**inf.** infanterie; infinitief
**infra dig.** infra dignitatem. (benede die waardigheid).
**inl.** inleiding.
**in loc. cit.** in loco citato. (ter aangehaalde plaatse).
**ins.** insonderheid.
**int.** interes.
**i.p.v.** in plaas van.
**i.s.** in sake.
**Isr.** Israelities(e).
**It.** Italiaans.
**i.v.m.** in verband met.

## J

**j.** jaar.
**Jan.** Januarie.
**Jap.** Japannees.
**J.C.** Jesus Christus.
**jg.** jaargang.
**jhr.** jonkheer.
**jl.** jongslede.
**jr.** junior.
**jt.** jaart.
**Jul.** Julie.
**Jun.** Junie.

## K

| | |
|---|---|
| **kapt.** | kaptein. |
| **kar.** | karaat. |
| **kat.** | katalogus. |
| **k.a.v.** | koste, assuransie, vrag. |
| **k.b.a.** | kontant by aflewering. |
| **Kg.** | kilogram. |
| **K.G.V.** | kleinste gemene veelvoud. |
| **Kie.** | Kompanjie. |
| **Kl.** | kiloliter. |
| **Km.** | kilometer. |
| **k.m.b.** | kontant met bestelling. |
| **kmdt.** | kommandant. |
| **kol.** | kolonel. |
| **kom.** | komitee. |
| **komm.** | kommissaris; kommissie. |
| **konj.** | konjunktief. |
| **kons.** | konsonant. |
| **korr.** | korrespondensie; korrespondent. |
| **K.P.** | Kaapprovinsie. |
| **kr.** | krediteer; krediteur. |
| **k.s.b.** | kombuis, spens, badkamer. |
| **kub.** | kubiek. |
| **Kw.** | kilowatt. |
| **kw.** | kwartaal. |

## L

| | |
|---|---|
| **l.** | lira; liter. |
| **Lat.** | Latyn. |
| **lb.** | libra (pond). |
| **lett.** | lettere; letterkunde; letterkundig; letterlik. |
| **lg.** | laasgenoemde. |
| **L.K.** | laaste kwartier. |
| **l.l.** | laaslede. |
| **LL.B.** | Legum Baccalaureus. (wet). |
| **LL.D.** | Legum Doctor. |
| **LL.M.** | Legum Magister. |
| **log.** | logaritme; logika. |
| **L.P.R.** | Lid van die Provinsiale Raad. |
| **L.s.d.** | Librae, solidi, denarii (ponde, sjielings, pennies) |
| **lt.-genl.** | luitenant-generaal. |
| **lt.-kol.** | luitenant-kolonel. |
| **luit.** | luitenant. |
| **L.U.K.** | Lid van die Uitvoerende Komitee. |
| **L.V.** | Lid van die Volksraad. |
| **L.W.** | Let Wel. |
| **lw.** | lidwoord. |
| **L.W.R.** | Lid van die Wetgewende Raad. |
| **L.W.V.** | Lid van die Wetgewende Vergadering. |

## M

| | |
|---|---|
| **M.** | Monsieur (Meneer). |
| **m.** | meter; myl. |
| **m.** *of* **ml.** | manlik. |
| **M.A.** | Magister Artium. |
| **Ma.** | Maandag. |
| **mag.** | magistraat. |
| **maj.** | majoor. |
| **maks.** | maksimum. |
| **Mal.** | Maleis. |
| **m.a.w.** | met ander woorde. |
| **M.B.** | Medicinae Baccalaureus. (Medisyne). |
| **M.Com.** | Magister Commercii (Handel). |
| **M.D.** | Medicinae Doctor |
| **md.** | maand. |
| **Me.** | middeleeue. |
| **mej.** | mejuffrou. |
| **mejj.** | mejuffroue. |
| **mev.** | mevrou. |
| **mevv.** | mevroue. |
| **mg.** | milligram. |
| **mgr.** | monseigneur. (meneer). |
| **Mhd.** | Middel-Hoogduits. |

**m.i.** myns insiens.
**min.** minimum; minister; minuut.
**ml.** milliliter.
**ml.** *of* **m.** manlik.
**Mlle.** Mademoiselle. (Mejuffrou).
**mm.** millimeter.
**m.m.** mutatis mutandis. (met die nodige verandering van details).
**Mme.** Madame (Mevrou).
**Mnl.** Middel-Nederlands.
**mnr.** meneer.
**M.P.** militêre polisie.
**m.p.g.** myl per gallon (gelling.)
**m.p.u.** myl per uur.
**Mrt.** Maart.
**ms.** manuskrip; motorskip.
**MSc.** Magister Scientiae (Wetenskap).
**mss.** manuskripte.
**mus.** musiek.
**Mus.Bac.** Musicae Baccalaureus. (Musiek).
**Mus.Doc.** Musicae Doctor.
**mv.** meervoud.
**my.** maatskappy.

## N

**N.** noord.
**n.** namens.
**N.A.** Noord-Amerika: Noord-Amerikaans.
**nas.** nasionaal.
**n.a.v.** na aanleiding van.
**N.B.** Nota Bene (Let Wel).
**n.C.** na Christus.
**N.C.V.V.** Natalse Christelike Vrouevereniging.
**Ndl.** Nederlands.
**Ned. Ger(ef).** Nederduits Gereformeerd.
**Ned. Herv.** Nederduits Hervormd.
**N.Germ.** Noord-Germaans.
**N.G.K.** Nederduits Gereformeerde Kerk.
**nl.** naamlik.
**N.M.** Nuwe maan.
**nm.** namiddag.
**N.Ndl.** Noord-Nederland; Noord-Nederlands.
**Nnl.** Nieu-Nederlands.
**no.** numero (nommer)
**N.O.I.K.** Nederlands Oos-Indiese Kompanjie.
**nom.** nominatief.
**Nov.** November.
**N.P.** Nasionale Party.
**nr.** nommer.
**NS.** naskrif.
**N.T.** Nieu-Testamenties; Nuwe Testament.
**N.U.K.** Natalse Universiteitskollege.
**N.U.S.A.S.** Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente.
**nv.** naamval.

## O

**o.a.** onder andere.
**ob.** obiit. (oorlede).
**obj.** objek; objektief.
**oef.** oefening.
**Oerg.** Oer-Germaans.
**off.** offisier.
**O.Germ.** Oos-Germaans.
**Ogerm.** Ou(d)-Germaans.
**Ohd.** Ou(d)-Hoogduits.
**O.I.** Oos-Indië; Oos-Indies.
**o.i.** onses insiens.
**Okt.** Oktober.
**o.m.** onder meer.
**On.** Ou(d)-Noors.
**onbep.** onbepaald.
**onderv.** ondervoorsitter.
**onderw.** onderwerp.

| | |
|---|---|
| **Onfr.** | Ou(d)-Nederfrankies. |
| **ong.** | ongeveer. |
| **ons.** *of* **o.** | onsydig. |
| **ontl.** | ontleding; ontlening. |
| **onvolm.** | onvolmaak. |
| **onvolt.** | onvoltooi(d). |
| **oordr.** | oordrag; oordragtelik. |
| **oorg.** | oorganklik. |
| **oorl.** | oorlede. |
| **oortr.** | oortreffende. |
| **O.P.** | Oostelike Provinsie. |
| **op.** | opus. (werk). |
| **opm.** | opmerking. |
| **opt.** | optatief. |
| **ord.** | ordonnansie. |
| **Os.** | Ou(d)-Saksies. |
| **O.T.** | Ou Testament; Ou-Testamenties. |
| **O.V.S.** | Oranje-Vrystaat. |
| **O.V.S.B.** | Oranje-Vrouesendingbond. |
| **O.V.S.L.U.** | Oranje-Vrystaatse Landbou-unie. |
| **O.V.V.** | Oranje-Vroue-vereniging. |
| **o.w.** | onder wie. |

## P

| | |
|---|---|
| **p.** | pagina; per; pro. |
| **p.a.** | per adres; per annum. |
| **par.** | paragraaf. |
| **pd.** | pond. |
| **penm.** | penningmeester. |
| **perf.** | perfectum. |
| **pers.** | persoonlik. |
| **pers. vnw.** | persoonlike voornaamwoord. |
| **Ph.D.** | Philosophiae Doctor (Wysbegeerte). |
| **p.j.** | per jaar. |
| **Pk.** | poskantoor. |
| **pk.** | perdekrag. |
| **plantk.** | plantkunde; plantkundig. |
| **P.M.** | posmeester. |
| **p.m.** | per maand; per mensem; plus minus. |
| **P.M.G.** | posmeester-generaal. |
| **P.O.** | posorder. |
| **P.O.A.** | Portugees Oos-Afrika. |
| **Port.** | Portugees. |
| **pp.** | paginas; pianissimo |
| **p.p.** | per procurationem (deur bemiddeling van). |
| **pqpf.** | plusquamperfectum. |
| **P.R.** | Poste Restante. |
| **praes.** | praesens. |
| **praet.** | praeteritum. |
| **pred.** | predikaat; predikant. |
| **pres.** | president. |
| **prof.** | professor. |
| **proff.** | professore. |
| **prok.-genl.** | prokureur-generaal. |
| **prop.** | proponent. |
| **Prot.** | Protestant; Protestants. |
| **prov.** | provinsiaal; provinsie. |
| **prox.** | proximo (aanstaande). |
| **P.S.** | Post Scriptum (naskrif). |
| **Ps.** | Psalm. |
| **P.U.K.** | Potchefstroomse Universiteitskollege. |
| **P.W.** | poswissel. |

## Q

| | |
|---|---|
| **q.v.** | quod vide (kyk aldaar). |

## R

| | |
|---|---|
| **r.** | radius; reël. |
| **rab.** | rabat (afslag). |
| **red.** | redaksie; redakteur. |
| **ref.** | referensie. |
| **reg.** | regering. |
| **regt.** | regiment. |
| **rek.** | rekening. |
| **rel.** | relatief. |
| **resp.** | respektiewelik. |
| **R.I.P.** | requiescat in pace. (rus in vrede). |
| **R.K.** | Rooms Katoliek. |
| **R.S.V.P.** | Réspondez s'il vous plaît (antwoord asseblief). |
| **R.U.K.** | Rhodes-Universiteitskollege. |
| **Rus.** | Russies. |
| **R.V.K.** | rugbyvoetbalklub. |

## S

| | |
|---|---|
| **s.** | sjieling. |
| **Sa.** | Saterdag. |
| **S.A.** | Suid-Afrika; Suid-Afrikaans; Suid-Amerika; Suid-Amerikaans. |
| **S.A.L.M.** | Suid-Afrikaanse Lugmag. |
| **S.A.L.U.** | Suid-Afrikaanse Landbou-unie. |
| **S.A.O.U.** | Suid-Afrikaanse Onderwysersunie. |
| **S.A.P.** | Suid-Afrikaanse Party; Suid-Afrikaanse Polisie. |
| **S.A.S. & H.** | Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens. |
| **S.A.S.M.** | Suid-Afrikaanse Staande Mag. |
| **S.A.V.F.** | Suid-Afrikaanse Vrouefederasie. |
| **sc.** | scilicet (naamlik). |
| **S.D.B.** | Spesiale Diensbataljon. |
| **S.Ed.** | Sy Edele. |
| **S.Ed.Agb.** | Sy EdelAgbare. |
| **S.Ed.Gestr.** | Sy EdelGestrenge. |
| **S.Eerw.** | Sy Eerwaarde. |
| **sek.** | sekonde; sekundus. |
| **sekr.** | sekretaris. |
| **sekre.** | sekretaresse. |
| **S.Eks.** | Sy Eksellensie. |
| **S.Em.** | sy Eminensie. |
| **sen.** | senator. |
| **Sept.** | September. |
| **sers.** | sersant. |
| **sert.** | sertifikaat. |
| **sgn.** | sogenaamd. |
| **S.G.O.** | Superintendent-generaal van Onderwys. |
| **S.H.** | Sy Heiligheid; Sy Hoogheid. |
| **S.H.Ed.** | Sy HoogEdele. |
| **S.H.Eerw.** | Sy HoogEerwaarde |
| **s.i.** | syns insiens. |
| **sill.** | sillabe. |
| **S.K.H.** | Sy Koninklike Hoogheid. |
| **S.K.M.** | Sy Koninklike Majesteit. |
| **S.M.** | stasiemeester; Sy Majesteit. |
| **S. Ndl.** | Suid-Nederland; Suid-Nederlands |
| **s.nw.** | selfstandige naamwoord. |
| **So.** | Sondag. |
| **Sp.** | Spaans. |
| **spr.** | spreker. |
| **S.R.** | Studenteraad. |
| **sr.** | senior. |
| **ss.** | stoomskip. |
| **St.** | Sint. |
| **st.** | standerd; sterk. |
| **stg.** | sterling. |
| **sth.** | stemhebbend. |
| **stl.** | stemloos. |
| **str.** | straat |
| **subj.** | subjek; subjunktief. |
| **sup.** | superlatief. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **s.v.p.** | s'il vous plaît. (asseblief) | **S.V.R.** | Spesiale Vrederegter. |
| | | **S.W.A.** | Suidwes-Afrika. |

## T

| | | | |
|---|---|---|---|
| **t.** | ton. | **T.L.U.** | Transvaalse Landbou-unie. |
| **taalk.** | taalkunde; taalkundig. | **T.O.** | Transvaalse Onderwysersvereniging. |
| **t.a.p.** | ter aangehaalde plaatse. | **T.O.D.** | Transvaalse Onderwysdepartement |
| **t.a.v.** | ten aansien van. | **t.o.v.** | ten opsigte van. |
| **teenw.** | teenwoordig. | **t.t.** | totus tuus. (geheel die uwe). |
| **tel.** | telefoon. | **Tvl.** | Transvaal; Transvaals. |
| **telw.** | telwoord. | **tw.** | tussenwerpsel. |
| **temp.** | temperatuur. | **tw.** | te wete. |
| **tes.** | tesourier. | | |
| **Th(eol). D(r)** | Theologiae Doctor. (Godgeleerdheid) | | |
| **t.l.** | ten laaste. | | |

## U.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **UEd.** | U Edele. | **U.P.** | Unie-Parlement; Universiteit Pretoria. |
| **U.K.** | Uitvoerende Komitee; Universiteit Kaapstad. | **U.R.** | Uitvoerende Raad; Unie-Regering. |
| **U.K.O.V.S.** | Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat. | **U.S.** | Universiteit Stellenbosch. |
| **ult.** | ultimo. | **U.V.M.** | Unie-Verdedigingsmag. |
| **univ.** | universiteit. | **U.W.** | Universiteit Witwatersrand. |

## V

| | | | |
|---|---|---|---|
| **v.** | vers; vide. | **vk.** | veldkornet; vierkant. |
| **v.** *of* **vr.** | vroulik. | **Vl.** | Vlaams. |
| **v.a.b.** | vry aan boord. | **vlg.** | volgende. |
| **vb.** | voorbeeld. | **V.L.U.** | Vroue-Landbou-unie. |
| **v.C.** | voor Christus. | **V.M.** | volle maan. |
| **v.d.** | van die | **vm.** | voormiddag. |
| **verb.** | verbuiging; verban | **vnw.** | voornaamwoord. |
| **verklw.** | verkleinwoord. | **voegw.** | voegwoord. |
| **verl.** | verlede. | **vok.** | vokaal; vokatief. |
| **verv.** | vervoeging. | **vol.** | volume. |
| **vgl.** | vergelyk. | **volm.** | volmaak. |
| **v/h.** | voorheen. | **volt.** | voltooi. |
| **V.K.** | Verenigde Koninkryk. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **voors.** | voorsetsel; voorsitter. | **vr.** *of* **v.** | vroulik. |
| **voorv.** | voorvoegsel. | **vs.** | versus. (teen) |
| **voorw.** | voorwerp. | **V.S.A.** | Verenigde State van Amerika. |
| **v.o.s.** | vry op spoor. | **V.S.B.** | Vrouesendingbond. |
| **V.R.** | vrederegter. | **vt.** | voet. |
| **Vr.** | Vrydag. | | |

## W

| | | | |
|---|---|---|---|
| **wdb.** | woordeboek. | **wnd.** | waarnemend. |
| **wed.** | weduwee. | **W.Nfr.** | Wes-Nederfrankie |
| **WelEd.** | WelEedele. | **Wo.** | Woensdag. |
| **WelEd.Gestr.** | WelEdelGestrenge | **wo.** | waaronder. |
| **WelEerw.** | WelEerwaarde. | **W.P.** | Westelike Provinsie. |
| **w.g.** | was geteken. | **ww.** | werkwoord. |
| **W.Germ.** | Wes-Germaans. | | |
| **W.I.** | Wes-Indië; Wes-Indies. | | |

# WOORDVORMING

Hoe word woorde gevorm?
Hier volg 'n paar van die bekendste maniere:

## 1. SAMESTELLING

### A. Samestelling:

Samestelling vind plaas wanneer twee (of meer) woorde saamgroei tot 'n eenheid. Kyk mooi na die volgende voorbeelde:

### (a) <u>Saamgestelde Selfstandige Naamwoorde</u>

### I. Vorm:

As ons op die vorm let, vind ons dat samestelling op die volgende maniere kan gebeur:

(i) Sonder verbindingsletter:

| | |
|---|---|
| tafel + doek | = **tafeldoek** |
| pot + deksel | = **potdeksel** |
| slaap + kamer | = **slaapkamer** |
| rooi + huid | = **rooihuid** |
| drie + hoek | = **driehoek** |
| binne + deur | = **binnedeur** |

Hier volg 'n paar oorlogsterme:

papierkontroleur; langafstandvegters; grofgeskutspervuur; noodrantsoen; masjiengeweerneste; valskermtroepe; brandbottels; kusvaartuig; tenkformasie; spilmagte; teenbatteryvuur; kuskommandement; flankaanval.

(ii) Met die verbindings **-e:**

| | |
|---|---|
| vy + boom | = **vyeboom** |
| dier + tuin | = **dieretuin** |
| eer + kruis | = **erekruis** |
| vrou + koor | = **vrouekoor** |
| vrug + plaas | = **vrugteplaas** |

(iii) Met verbindings-**s:**

| | | |
|---|---|---|
| knoop + gat | = | **knoopsgat** |
| stad + lewe | = | **stadslewe** |
| koning + dogter | = | **koningsdogter** |
| volk + drag | = | **volksdrag** |
| vrou + persoon | = | **vroupersoon** |

(iv) Met verbindings-**er (-ter):**

| | | |
|---|---|---|
| kind + bybel | = | **kinderbybel** |
| lam + kraal | = | **lammerkraal** |
| kalf + liefde | = | **kalwerliefde** |
| wes + grens | = | **westergrens** |
| suid + kruis | = | **suiderkruis** |

(v) Met verbindings-**en(s):**

| | | |
|---|---|---|
| lewe + wysheid | = | **lewenswysheid** |
| lewe + skets | = | **lewenskets** |
| wa + huis | = | **waenhuis** |
| ly + weg | = | **lydensweg** |
| nooi + van | = | **nooiensvan** |
| sterf + uur | = | **sterwensuur** |

(vi) Met verbindings-**ere:**

| | | |
|---|---|---|
| goed + wa | = | **goederewa** |
| Volk + bond | = | **Volke(re)bond** |

**Let op die volgende:**

| | | |
|---|---|---|
| gees + gawe | = | **geestesgawe** |
| koning + ryk | = | **koninkryk** |
| vrou + persoon | = | **vroupersoon** |
| aarde + bewing | = | **aardbewing** |
| aarde + bei | = | **aarbei** |
| aarde + appel | = | **aartappel; ertappel** |
| aarde + wurm | = | **erdwurm** |
| hoog + veld | = | **hoëveld** |
| skip + kaptein | = | **skeepskaptein** |
| glas + deur | = | **glaasdeur; (glasdeur)** |

**LET WEL**

(a) In saamgestelde s.nwe. kom **ss** alleen voor wanneer die stam van die eerste woord op **s** eindig en die tweede woord met **s** begin, bv.

| | | |
|---|---|---|
| gras + soorte | = | gra**ss**oorte |
| jakkals + streke | = | jakkal**ss**treke |
| baas + swemmer | = | baa**ss**wemmer |

In alle ander gevalle skryf ons dus net EEN S, bv.

| | | |
|---|---|---|
| meisie + skool | = | **meisieskool** |
| jong + skool | = | **jongenskool** |
| vrou + saal | = | **vrouensaal** |
| man + stem | = | **manstem** |
| lewe + skets | = | **lewenskets** |

(b) Soms word koppeltekens gebruik:

(i) by opeenhoping van klinkers, bv.

| | | |
|---|---|---|
| dood + akker | = | **dode-akker** |
| wa + as | = | **wa-as** |
| see + eend | = | **see-eend** |
| lied + aand | = | **liedere-aand** |
| eend + eiers | = | **eende-eiers** |

(ii) om onoorsigtelikheid te vermy, bv.

| | | |
|---|---|---|
| motor + as | = | **motor-as** |
| pronk+ertjie | = | **pronk-ertjie** |
| dop + ertjies | = | **dop-ertjies** |
| hotagter + os | = | **hotagter-os** |
| kat + oog | = | **kat-oog** |

## II. Betekenisverhouding:

Daar kan allerlei betekenisverhoudinge wees, bv.

| | |
|---|---|
| **potdeksel:** | die deksel van 'n pot |
| **dorpshuis:** | 'n huis in die dorp |
| **boekrak:** | 'n rak vir boeke |
| **eende-eier:** | eier deur 'n eend gelê |
| **oostewind:** | 'n wind wat uit die ooste waai |

## III. Betekenis:

Daar is 'n verskil tussen twee los woorde en 'n samestelling. Kyk na die volgende voorbeelde. Engelse betekenisse word aangegee:

suurlemoen (lemon)
suur lemoen (sour orange)
kleinseun (grandson)
klein seun (small boy)
Hoëskool (University)
hoë skool (a tall school building)
wildehoender (guinea fowl)
wilde hoender (wild domestic fowl)

**Let op:**

Die saamgestelde s.nw. het net een aksent. Die twee los woorde het albei 'n aksent, bv.

súúrlemoen, maar súúr lemóén
wildehóénder, maar wílde hóénder

## (b) Saamgestelde Werkwoorde

(i) Skeidbaar saamgestelde werkwoorde:

| | | |
|---|---|---|
| **kwaad**maak | **terug**keer | **voor**stel |
| **geluk**wens | **belang**stel | **ooreen**kom |
| **weg**hardloop | **deel**neem | **neer**gooi |

**Let op:** Die klem val op die eerste deel.

(ii) Onskeidbaar saamgestelde werkwoorde:

| | | |
|---|---|---|
| aan**vaar** | mis**bruik** | agter**volg** |
| weer**kaats** | oor**tref** | vol**tooi** |
| om**skryf** | onder**teken** | mis**handel** |

**Let op:** Die klem val gewoonlik op die tweede deel.

(iii) Die onderstaande onskeidbaar saamgestelde werkwoorde is òf van s.nwe. afgelei òf hulle word nie meer as saamgestelde werkwoorde gevoel nie. Hulle word soos gewone eenlettergrepige werkwoorde verbuig, bv.

**raad**pleeg — om te raadpleeg—het geraadpleeg

| | | |
|---|---|---|
| **glim**lag | **rang**skik | **weer**lig |
| **wan**hoop | **hand**haaf | **dag**vaar |
| **waar**borg | **raad**pleeg | open**baar** |

**Let op:** Die klem val gewoonlik op die eerste deel.

**LET WEL:**

(i) Deur die gebruik van bywoorde soos AAN, AF, AGTER, BY, OP, IN, ONDER, MEE, VOOR, ens. kan talle saamgestelde werkwoorde van dieselfde werkwoordelike stam gevorm word, bv.

aankom, afkom, agterkom, bykom, opkom, inkom, meekom, voorkom, ens.

(ii) Soms is die tweede lid 'n denominatiewe werkwoord, d.w.s. 'n werkwoord afgelei van 'n selfstandige naamwoord of byvoeglike naamwoord, bv.

opdroog, omvleuel, deurvrot, ophelder, ommuur, aandik, uitploeg, afwit, vasspyker, toehark, afborsel, ens.

### (c) Saamgestelde Byvoeglike naamwoorde

Verskillende woordsoorte word gebruik om saamgestelde b.nwe. te vorm. Kyk mooi na die volgende paar voorbeelde:

(i) B.nw. + B.nw.:
**vaalblou; doofstom**

(ii) S.nw. + b.nw.:
**pikswart; peperduur**

(iii) Werkwoord + b.nw.:
**speelsiek; weetgierig**

(iv) S.nw. + swak verlede deelwoord:
**sonbevlekte; goudomsoomde; grasbegroeide**

(v) Bywoord + swak verlede deelwoord:
**tuisgemaakte; rondgestrooide**

(vi) S.nw. + teenwoordige deelwoord:
**sorgwekkend; skrikaanjaend**

(vii) Bywoord + teenwoordige deelwoord:
**welsprekend; hardwerkend**

(viii) Bywoord + sterk verlede deelwoord:
**laaggesonke; duurgekogte; kortgebonde**

### (d) Saamgestelde Bywoorde

Hier volg 'n paar voorbeelde:

(i) Werkwoorde dubbel geskrywe en saamgekoppel:
**dans-dans; sing-sing; speel-speel**

(ii) S.nwe. dubbel geskrywe en saamgekoppel:
**klompies-klompies; troppe-troppe**

(iii) Bywoord + toe:
**boontoe; agtertoe**

(iv) Bywoord + bywoord:
**reguit; hierheen; boonop**

(v) Voorsetsel + s.nw.:
**vanaand; oormore**

(vi) ou verboë vorme:
**mettertyd; smorens; inderdaad; eersdaags**

B. **Samekoppeling:**

Samekoppeling vind plaas wanneer woorde wat naas mekaar staan, tot 'n eenheid saamgroei.

Hier volg 'n paar voorbeelde:

**wag-'n-bietjie-boom**
**heen-en-weertjies**
**kruidjie-roer-my-nie**
**ouvrou-onder-die-kombers**

## 2. AFLEIDING

### I. Selfstandige Naamwoorde

**(a) Deur middel van voorvoegsels:**

| | |
|---|---|
| **aarts-** | aartsvyand; aartsengel |
| **af-** | afgrond; afguns; afstand |
| **ant-** | antwoord |
| **et-** | etmaal |
| **ge-** | geskree; gewoel; gebergte |
| **mis-** | misdaad; misdruk |
| **oer-** | oerwoud; oertaal; oermens |
| **on-** | onmens; onsin; ongeloof |
| **oor-** | oordeel; oorsaak; oormag |
| **wan-** | wanorde; wanhoop; wantroue |

**Enkele betekenisse van voorvoegsels:**

aarts = **opperste**
af = **geen**
on = **geen** (bv. ongeloof) of **slegte** (bv. onweer)
oer = **oudste, oorspronklike**
mis = **verkeerde** (bv. misdruk) of **slegte** (bv. misbruik)
wan = **verkeerde** of **slegte** (bv. wanorde)
ge: dui 'n versameling aan, bv. gebroeders.

**(b) Deur middel van agtervoegsels:**

**Persoons- en saakname:**

| | |
|---|---|
| **-aan** | Mohammedaan; Indiaan |
| **-aar (-enaar)** | wandelaar; sukkelaar; Kapenaar |
| **-aard** | dronkaard; gierigaard |

| | |
|---|---|
| **-and** | Heiland; vyand |
| **-aner** | Italianer; Amerikaner |
| **-asie** | murasie; dierasie; lekkasie |
| **-e** | presidente; eggenote |
| **-er; -ter; -der** | Nataller; gieter; wagter; bestuurder |
| **-erd** | dikkerd; stouterd; slimmerd |
| **-es** | prinses; dienares |
| **-ier; -(e)nier** | tuinier; howenier |
| **-iet** | Paarliet; Israeliet |
| **-ik; -(e)rik** | stommerik; havik |
| **-in** | godin; heldin |
| **-ing; -(e)ling** | eersteling; stedeling; kleurling |
| **-is; -nis** | bloemis; nasionalis; gevangenis |
| **-sel** | maaksel; swelsel |
| **-ster** | maakster; werkster |
| **-te** | vlakte; laagte |
| **-y; -ery** | skildery; boekery |

**Afgetrokke s.nwe.:**

| | |
|---|---|
| **-de** | liefde |
| **-dom** | rykdom; heiligdom |
| **-e** | hitte; koue |
| **-heid; -igheid; -(e)ntheid** | waarheid; bangigheid; verkouentheid; verleentheid |
| **-ing** | beproewing; verwoesting |
| **-isme** | spiritisme; modernisme |
| **-ment; -ement** | peperment; dreigement |
| **-nis; (-enis)** | hindernis; duisternis; verdoemenis |
| **-s** | wins; koms |
| **-skap** | dronkenskap; ballingskap |
| **-te** | hoogte; wydte |
| **-teit** | stommiteit; kwaliteit |
| **-y; -ery; -erny** | ruitery; slawerny; bakleiery; wagtery |

**Verkleinwoorde:**

| | |
|---|---|
| **-ie** | boekie; rakkie |
| **-jie** | hoedjie; randjie |
| **-tjie** | lepeltjie; dekentjie |
| **-etjie** | ringetjie; dingetjie |
| **-entjie** | waentjie; nooientjie |

| | |
|---|---|
| **-pie** | stroompie; armpie |
| **-kie** | koninkie; woninkie |

**Let ook op die volgende:**

| | |
|---|---|
| **-goed** | pa-goed (pa of pa-hulle): ma-goed (ma of ma-hulle) (gewestelike taal) |
| **-hulle** | Jan-hulle; pa-hulle |

**Klinkerwisseling**, bv.

ruik — **reuk**
ry — **rit**
geniet — **genot**
spreek — **spraak; spreuk**
sny — **snit**
bind — **band; bond; bende**
wreek — **wraak; wrok**
skiet — **skoot; skut**

**Klinkerwisseling + voor- of agtervoegsels:**

bind — verband; verbond; bondel; bundel.
bied — boodskap; gebod
bid — gebed; bedelaar
spreek — gesprek
gryp — begrip
drink — dronkaard; dronkenskap

## II. Werkwoorde

(*a*) **Deur middel van voorvoegsels:**

| | |
|---|---|
| **be-** | beman; bespeel; begraaf |
| **ge-** | gelas; gebied |
| **er-** | erken; erbarm; erlang |
| **her-** | herwin; hernu; herkou |
| **ont-** | onthaal; onthoof; onthou |
| **ver-** | verbrand; verkoop; vertrou |
| **mis-** | mismaak; mishandel; misplaas |

**Enkele betekenisse van voorvoegsels:**

her = **weer**
ont = **uit** (soos bv. in ontspruit of **beroof van** (bv. onthoof, ontwortel)

ver = **tot niet** of **heeltemal op** (bv. verbrand, verkool, verbruik)
mis = **sleg** (bv. mishandel)

In die meeste ander gevalle is die betekenisse van die voorvoegsels nie meer duidelik nie.

(b) **Deur middel van agtervoegsels:**

| | |
|---|---|
| **-eer** | trotseer; waardeer; kontroleer |
| **-ig** | pynig; stenig |
| **-er** | bibber; stotter; opper; nader |
| **-el** | kabbel; bedel |

**Let op:**

(i) Sommige werkwoorde soos die bostaande wat op **-eer** en **-ig** eindig, is van s.nwe. afgelei. Ons noem hulle **Denominatiewe werkwoorde.**

(ii) Sommige werkwoorde soos die bostaande wat op **-er** en **-el** eindig, is van ander werkwoorde afgelei. Hierdie soort wat 'n herhaling van die handeling aandui, noem ons **Frekwentatiewe werkwoorde.**

Hier volg nog 'n paar voorbeelde:

| | | |
|---|---|---|
| bedel (<bid) | trappel (<trap) | stribbel (<streef) |
| klapper (<klap) | skoffel (<skuif) | snuffel (<snuif) |
| dribbel (<dryf) | kibbel (<kyf) | hakkel (<hak) |

(c) **Deur middel van klinkerwisseling:**

Groep 1: drink — **drenk** (= laat drink)
val — **vel**
suig — **soog**
wind — **wend**
waak — **wek**
vaar — **voer**
nyg — **neig**

Groep 2: hyg — **hik**
buig — **buk**
knyp — **knip**
weeg — **wik**

**Let op:**

(i) Die eerste groep afgeleide werkwoorde dui aan dat die handeling veroorsaak word. Ons noem hulle **Kousatiewe Werkwoorde.**

(ii) Die tweede groep afgeleide werkwoorde druk 'n baie sterk graad van die handeling uit. Ons noem hulle **Intensiewe Werkwoorde.**

**LET WEL:**

**Funksieverandering:**

Kyk na die volgende sinne:

Die man **ploeg** eers die lande; dan **eg** hy hulle.
Ek **skaaf** die stukkie hout.
Hy **wit** die muur.
Hy **saag** die stomp middeldeur.
Die pampoene **vrot** op die land.

Die vetgedrukte woorde is s.nwe. en b.nwe. wat van funksie verander het, en nou as werkwoorde gebruik word. Hier is dus (van die Afrikaanse standpunt gesien) GEEN afleiding nie, maar blote funksieverandering. In Nederlands het hulle die uitgang -en gehad en is hulle **Denominatiewe Werkwoorde** genoem. Nog 'n paar voorbeelde is:

**hark, sterk, hamer, kort, beitel, graaf, bad, rem, vou, voer, melk, boer, steun, ys, stil, dun, snel, vies, kort, droog, skerm, los, spits, blink, vis,** ens.

Sommige van hierdie soort denominatiewe werkwoorde druk die betekenis „om weg te neem" aan. Ons noem hulle **Priwatiewe Werkwoorde.** Voorbeelde hiervan is:

Ons **skil** die perskes. Hy **stof** die meubels.
Hulle **dop** die ertjies. Hy **speen** die kalwers.
Die man **top** die bome.

III. **Byvoeglike naamwoorde**

(a) **Deur middel van voorvoegsels:**

| | |
|---|---|
| **aarts-** | aartsdom; aartslui |
| **be-** | beroemd; bemiddeld |
| **ge-** | getrou; gekleed |
| **on-** | onwaar; ongelukkig |

| | |
|---|---|
| **oer-** | oeroud |
| **stok-** | stokstil; stokdoof; stokblind |
| **dood-** | doodeenvoudig; doodverlief; doodskaam |
| **smoor-** | smoordronk; smoorverlief |
| **mors-** | morsaf; morsdood |

(b) **Deur middel van agtervoegsels:**

| | |
|---|---|
| **-agtig** | bergagtig; reënagtig; vreesagtig |
| **-baar** | rekbaar; vertroubaar |
| **-e** | goue; silwere |
| **-el** | vermetel; onnosel |
| **-end** | stukkend; nakend |
| **-ies** | modies; wetties |
| **-ig; -(e)rig; -tig** | winderig; koorsig; lastig; doringrig |
| **-(e)lik; -(en)lik** | vriendelik; eerlik; openlik |
| **-gelyk** | soortgelyk |
| **-(e)loos** | moedeloos; kinderloos |
| **-s** | Natals; Kaaps |
| **-rik; -ryk** | belangrik; bosryk; boomryk |
| **-saam** | eersaam; spraaksaam |
| **-haftig** | manhaftig; heldhaftig |

## IV. Bywoorde

**Deur middel van agtervoegsels:**

| | |
|---|---|
| **-(e)lik** | eindelik; naamlik; herhaaldelik |
| **-liks** | kortliks; grootliks |
| **-(e)ling** | plotseling; mondeling |
| **-(e)lings** | blindelings; sydelings |
| **-s** | snags; bedags |
| **-waarts** | huiswaarts; noordwaarts |
| **-gewys** | trapsgewys; groepsgewys |

LET WEL

**Die verkleiningsuitgange -ie, -tjie, -kie, -pie, ens. kom by al die woordsoorte voor. Sien onder verkleinwoorde.**

## 3. SAMESTELLENDE AFLEIDING

Samestellende afleiding kry ons wanneer die samestelling en afleiding **gelyktydig** plaasvind, bv.

| | | |
|---|---|---|
| hardnekkig | breedgeskouerde | koringvormig |
| styfhoofdig | openhartig | kinderoppasser |

**Let op:**

(i) Woorde soos „hardnek", „styfhoof", „openhart", ens. bestaan nie.

(ii) Sowel afleiding as samestelling kan soms in een woord voorkom, bv. „rooskleurig", „blou-ogig", ens., maar dis nie samestellende afleidinge nie, want daar bestaan wel woorde soos „blou-oog" en „rooskleur".

## 4. KLANKNABOOTSING (Onomatopee)

Hier volg 'n paar woorde wat gevorm is na sekere geluide:
miaau; sis; blêr; kriek; piep; kwaak; toktokkie; piet-my-vrou; taterat; janpierewiet; bokmakiere; koer; kelkiewyn.

## 5. VOLKSETIMOLOGIE

Volksetimologie ontstaan somtyds wanneer die volk sekere woorde wat hulle nie verstaan nie, met bekende klanke en betekenisse assosieer, en op hierdie manier die oorspronklike woord verander of vervorm. Die „rak" van „spinnerak", byvoorbeeld kom van die oorspronklike woord „rag" (= fyn weefsel). „Blaasbalk" kom van „blaasbalg" en „koperkapel" van „cobra de capello" (Port.: die kobra met die kap).

Interessant is die woord **donderbuks** wat ons soms hoor. (Dit verskyn etlike kere bv. in „Simba" — Sangiro.) Die **buks** van „donderbuks" moet eintlik **bus** wees (wat beteken „doos" of „kas"). Baie mense ken nie meer die woord **bus** in hierdie betekenis nie en assosieer dit met die algemeen bekende woord **buks** (soos bv. in **windbuks**). So ontstaan dan die vervormde of volksetimologiese woord **donderbuks** uit „donderbus".

Ander voorbeelde is:

muisneste < muizenissen (gedagtes)
kortgebaken < kortgebaker
kanferfoelie < capri folium (boksblare)
blaasbalk < blaasbalg (balg = 'n dier se pens)

Dikwels vind daar egter opsetlike verdraaiing plaas, en dan word die nuwe woord spottend gebruik. Hier is 'n paar tipiese voorbeelde:

bicycle > baie sukkel
motor car > modderkar
Buxton > Baksteen
dysentry > duisendtree
custard > koeistert
bronchitis > bromkatjies
martial law > Martjie Louw
vegetable marrow > witstippel merrie
benefit > binnevet
blanc mange > Blou Armaans
Eau de Cologne > olie kolonie
cosmetique > kosmyniks
zambuk > samboksalf
recompence > rek hom pens
Sadrag, Mesag en Abednego > Saalsak, Meelsak en Appel-in-die-een-oog
For better or for worse > Vir botter of vir wors
The more the merrier > Die more die merrie — waarby soms toegevoeg word: en die aand die vul.

## 6. KONTAMINASIE

Kontaminasie ontstaan wanneer twee woorde of uitdrukkinge so met mekaar verwar word dat daar 'n nuwe vorm van die twee saam ontstaan, bv.

| | | |
|---|---|---|
| al lank + lank al | > | al lank al |
| verskoon + ekskuseer | > | verekskuseer |
| verkeerd + makeer | > | makeerd |
| onbewus + bewusteloos | > | onbewusteloos |
| daarenteë + inteendeel | > | daarenteendeel |
| vervolgens + gevolglik | > | vervolglik |
| gedienstig + dienswillig | > | gedienswillig |
| ondeug + deugniet | > | ondeugniet |
| verniel + rinneweer | > | verrinneweer |
| Slams + Malaier | > | Slamaier |
| ondanks + afgesien | > | onafgesien |
| ontrou + troueloos | > | ontroueloos |
| betyds + tydig | > | betydig |
| oorstroming + verspoeling | > | oorspoeling |

## 7. VERKORTING of VERDIGTING

Dikwels word woorde verkort, maar behou hulle oorspronklike betekenis, bv. **bus** (< posbus, briewebus, ens.); **kwik** (< kwiksilwer); **raad** (< stadsraad, ens.); **eerstejaars** (< eerstejaarstudente); **matriek** (< matrikulasie), ens.

Eiename word ook verkort: **Sannie** (< Susanna); **Jan** (< Johannes); **Gert** (< Gerhardus); **Bettie** (< Elisabet); **Nel[l]ie** (< Petronella); **Kaap** (< Kaap de Goede Hoop).

Ook die belangrikste letters in 'n lang naam word tot 'n nuwe woord saamgevoeg, bv. **Nat, Sap, Sasbank** (Suid-Afrikaanse Spaar- en Voorskotbank); S.A.N.L.A.M. (Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-maatskappy). Dikwels word die letters uitgespel: O.B.; A.C.V.V.; V.S.A.; C.J.V.; B.A.; N.U.K.; K.G.V., ens.

Soms word selfs uitdrukkinge en sinne verkort, bv. **Stille waters . . .; Dit smaak na teer . . .; As jy agter die deur staan . . .; Kleine muisies . . .; Gou by die bak . . .,** ens.

## NAME VAN NASIES, LANDE, TALE ENS.

Hier volg 'n paar van die belangrikste:

| Land | Volk | Taal | B.nw. |
|---|---|---|---|
| Abessinië | Abessiniërs | Amharies | Abessinies |
| Afrika | Afrikane | Verskillende tale | Afrikaans |
| Albanië | Albanese | Albanees | Albanies |
| Arabië | Arabiere | Arabies | Arabies |
| Argentinië | Argentiniërs | Spaans | Argentyns |
| Armenië | Armeniërs | Armeens; Armenies | Armeens; Armenies |
| Asië | Asiate | Verskillende tale | Asiaties |
| Australië | Australiërs | Engels | Australies |
| België | Wale, Belge; Vlaminge | Vlaams; Frans | Belgies |
| Birma | Birmane | Birmaans | Birmaans |
| Brasilië | Brasiliane | Portugees | Brasiliaans |
| Brittanje | Britte | Engels e.a. tale | Brits |
| Bulgarye | Bulgare | Bulgaars | Bulgaars |
| China; Sjina | Chinese; Sjinese | Chinees; Sjinees | Chinees; Sjinees |
| Denemarke | Dene | Deens | Deens |
| Duitsland | Duitsers | Duits | Duits |
| Engeland | Engelse | Engels | Engels |
| Egipte | Egiptenare | Egipties | Egipties |
| Elsas | Elsassers | Frans; Duits | Elsassies |
| Europa | Europeane | Verskillende tale | Europees |
| Finland | Finne | Fins | Fins |
| Frankryk | Franse | Frans | Frans |
| Griekeland | Grieke | Grieks | Grieks |
| Holland | Hollanders | Hollands | Hollands |
| Hongarye | Hongare | Hongaars | Hongaars |

| Land | Volk | Taal | B.nw. |
|---|---|---|---|
| Ierland | Iere | Iers; Engels | Iers |
| Indië | Indiërs | Verskillende tale | Indies |
| Italië | Italianers | Italiaans | Italiaans |
| Japan | Japanners / Japannese | Japannees / Japans | Japannees / Japans |
| Java | Javane | Javaans | Javaans |
| Kanada | Kanadese | Engels; Frans | Kanadees |
| Litaue | Litauers | Litaus | Litaus |
| Marokko | Marokkane | Arabies | Marokkaans |
| Meksiko | Meksikane | Spaans | Meksikaans |
| Mongolië | Mongole | Mongools | Mongools |
| Natal | Natallers | Verskillende tale | Natals |
| Nederland | Nederlanders | Nederlands | Nederlands |
| Noorweë | Noorweërs / Nore | Noorweegs / Noors | Noorweegs / Noors |
| Nieu-Seeland | Nieu-Seelanders | Engels | Nieu-Seelands |
| Oostenryk | Oostenrykers | Duits | Oostenryks |
| Persië | Perse | Persies | Persies |
| Peru | Peruane | Spaans | Peruaans |
| Pole | Pole | Pools | Pools |
| Portugal | Portugese | Portugees | Portugees |
| Pruise | Pruise | Duits | Prussies |
| Rhodesië | Rhodesiërs | Verskillende tale | Rhodesies |
| Roemenië | Roemeniërs | Roemeens | Roemeens |
| Rusland | Russe | Russies | Russies |
| Siam | Siamese | Siamees | Siamees |
| Siberië | Siberiërs | Russies | Siberies |
| Sicilië | Siciliane | Italiaans | Siciliaans |
| Skandinawië | Skandinawiërs | Verskillende tale | Skandinawies |
| Skotland | Skotte | Skots; Engels | Skots |
| Soedan | Soedannese | Verskillende tale | Soedannees |
| Spanje | Spanjaarde | Spaans | Spaans |

| Land | Volk | Taal | B.nw. |
|---|---|---|---|
| Swede | Swede | Sweeds | Sweeds |
| Switserland | Switsers | Verskillende tale | Switsers |
| Tibet | Tibetane | Tibetaans | Tibetaans |
| Transvaal | Transvalers | Verskillende tale | Transvaals |
| Turkye | Turke | Turks | Turks |
| Vlaandere | Vlaminge | Vlaams | Vlaams |
| Vrystaat | Vrystaters | Verskillende tale | Vrystaats |
| Wallis | Welsmanne<br>Wallisers | Wallies; Engels | Wallies |
| Zoeloeland | Zoeloes | Zoeloe | Zoeloe |